

VAK: AFRIKAANS HT GRAAD: 12 LESPLAN 2 KWARTAAL 4 TYD: Dubbelperiode					
KERNINHOUD: Hersiening: Vraestel 1 - Afdeling A – Visuele Geletterdheid (Advertensie & Spotprent)					
LEERUITKOMS 1: Luister en Praat		LEERUITKOMS 2: Lees en Kyk		LEERUITKOMS 3: Skryf en Aanbied	
Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.		Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.		Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.	
LEERUITKOMS 4: Taal		Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.			
Toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes		Toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering		Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks	Identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n wye verskeidenheid tekste
Beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot en ekspressief aan te bied		Evalueer die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en audiovisuele tekste		Toon die gebruik van gevorderde skryfstrategieë en –tegnieke vir eerste weergawes	Gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel
Toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings		Evalueer hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste		Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan:	Ontwikkel kritiese taalbewustheid
Toon kritiese taalbewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies		Verken en evalueer die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word			
ONDERRIGAKTIWITEITE		LEERDERAKTIWITEITE		BRONNE	
ASSESSERING		Datum afgehandel			
Deel eksemplare van Vraestel 1, (bv. Nov. 2008) aan kandidate uit.		Leerders bestudeer Afdeling A van vraestel.		Vraestel 1, November 2008	
Kandidate kan verwag om vrae te beantwoord oor drie verskillende tekste soos in voorbeeldvraestel: “Vat die voetpad”, Advertensie oor insekgif en spotprent uit Beeld. Klem val nou op die advertensie en spotprent .		Die vraag toets visuele geletterdheid.		<ul style="list-style-type: none"> Onderwyser lê klem op die bondige formulering van antwoorde. 	
Wenke aan leerders. Visuele Geletterdheid – Advertensies Bestudeer advertensietegnieke met die klem op die visuele asook die geskrewe elemente <ul style="list-style-type: none"> Vir die afdeling, gebruik gedrukte <u>advertensies</u> eerder as TV of radio. Bestudeer die volgende: Grafiese elemente: Prente en /of foto's; opskrifte; fonte (grootte en 		Leerders bring advertensies uit tydskrifte en koerante klas toe. Onderwyser bespreek die rol van die grafiese elemente. Onderwyser doen 'n paar vrae in eksamenvraestel saam met die leerders; hulle voltooi die res.			

<p>styl); spasiëring en ontwerp (insluitend die gebruik van wit spasie); en logos</p> <ul style="list-style-type: none"> • Taalelemente: Gebruik van leestekens; slagspreuke; emotiewe taalgebruik; retoriese tegnieke; herhaling; die gebruik van beeldspraak en stylfigure • <u>Ander soorte grafiese tekste:</u> • Hier kan jy 'n spotprent verwag (óf 'n humoristiese spotprent óf 'n politieke spotprent), 'n foto, 'n poskaart, 'n tekening of grafiek. • Bestudeer al die verskillende soorte grafiese tekste en die tegnieke wat van toepassing is. Dit sluit in rame en praatborrels. 				
		Woordeboeke		
<p>Tuiswerk: Voltooi die res van die vrae tuis.</p>				
<p>Verryking/Uitgebreide geleentheid: Leerders voltooi ander beskikbare vraestelle/begripstoetse.</p>				
<p>Nabetraging: Was die les 'n sukses of nie?</p>				